MCH91-66-10-8



SNELLE VERLIGTING VIR
MOEË VOETE!
Voor Na

Footone is die wonderbaarlike voettonikum wat verkoel, streel en genees. Net 55c per bottel
FOOTONE
NOU TE KRY BY U APTEKER OF WINKEL
Handelsnavrae: ISHMA PRODUCTS, POSBUS 24, WOODSTOCK

## Oogmerke van Kommunisme Bevorder

# 3 OUD-STUDENTE KRY SAAM 13 JAAR

**DRIE jong blankes, twee gewese studente aan die Universiteit van Kaapstad en een oud-Matie, is gisteroggend in die Kaapse Hooggeregshof tot altesame dertien jaar tronkstraf gevonnis omdat hulle die oogmerke van die Kommunisme bevorder het.**

Hulle is Stephanie Kemp, 23-jarige fisioterapeut en oud-student van die Universiteit van Kaapstad, Alan Keith Brooks, 27-jarige gewese lektor aan U.K., en Anthony Andrew Trew, gewese ingenieurstudent aan die Universiteit van Stellenbosch. Trew het ook aan die Universiteit van die Witwatersrand gestudeer en was tot onlangs versekeringsklerk.

Kemp is tot vyf jaar tronkstraf gevonnis, waarvan drie jaar vir drie jaar opgeskort is. Trew en Brooks is elk tot vier jaar gevonnis, waarvan twee jaar vir drie jaar opgeskort is.

Die aanvallige Stephanie Kemp was gekleed in 'n hemelsblousomersrokkie met 'n wit kollepatroon en 'n wit boogstrik. Haar hare het los op haar skouers gehang. Sy het doodstil gestaan en geen emosie getoon toe regter B. F. J. Banks die vonnis uitspreek nie.

Trew, wat deur die hele verhoor net stip voor hom gekyk het, het vir die eerste keer senuagtigheid getoon toe regter Banks die drie beveel om op te staan sodat hy die vonnis kan uitspreek. Trew het telkemale na sy vader gekyk, wat reg voor die beskuldigdebank gesit het.

Toe regter Banks die vonnis uitspreek, het Trew stip voor hom gekyk en diep asemgehaal.

Brooks het op sy hakke gewieg asof hy moeg is toe regter Banks begin praat. Hy het egter ook stip na die regter gekyk en geen oog verroer toe die vonnis uitgespreek word nie.



*MNR. EN MEV. J. J. KEMP, ouers van Stephanie Kemp, verlaat hier die Kaapse Hooggeregshof nadat hul dogter tot tronkstraf gevonnis was.*

### TRANE IN OË

Die drie is onmiddellik nadat die vonnis uitgespreek was, na die selle gebring. Kemp het eers bly staan en 'n konstabel moes haar aan die arm vat en beduie dat sy na die selle moet gaan.

Die ouers van al drie beskuldigdes was in die hof. Kemp se vader, mnr. Kobus Kemp, oud-skoolhoof op Malmesbury en nou onderwyser in Oos-Londen, het trane in sy oë gehad. Hy het met sy vrou aan die arm met die ander ouers na die selle gestap.

Regter Banks het presies om 9.30 vm. met sy opsomming begin. Dit het sowat twintig minute geduur. Die regter het gesê dat die beskuldigdes eers met twee ander mense van sabotasie beskuldig was, maar dat hulle skuld beken het op die alternatiewe aanklag, nl. dat hulle die oogmerke van die Kommunisme bevorder het.

Die staat het dié bekentenis aanvaar en die verhore is geskei.

### STAAT SE PLIG

Adv. W. E. Cooper het namens die beskuldigdes die skuldbekentenisse by die hof ingelewer en al drie het verklarings in die beskuldigdebank voorgelees, het regter Banks gesê. Adv. M. M. Beukes, wat vir die staat verskyn het, het geen beswaar teen die indiening van die skuldbekentenisse gehad nie.

„Dit is die plig van die staat om die wet en orde te handhaaf," het regter Banks gesê. „Leftwich het gesê dat hy Kemp gewerf het en dat dit die doel was van die organisasie waartoe hulle behoort het om die Regering se beleid te verander.

„Luit. Van Dyk van die Veiligheidspolisie het vertel hoe hy dinamiet in 'n woonstel in Seepunt gevind het. Trew het vertel van sy ongeluk en hoe dit sy lewenswyse verander het. Brooks het vertel hoe hy hom by die organisasie aangesluit het en Kemp het vertel dat sy gevlei gevoel het toe Leftwich haar genader het om haar by die organisasie aan te sluit. Leftwich was toe voorsitter van N.U.S.A.S."



*STEPHANIE KEMP, wat tot vyf jaar tronkstraf veroordeel is. Drie jaar is vir drie jaar opgeskort.*

Regter Banks het melding gemaak daarvan dat die drie jong mense se vaders vir hulle getuig het. „Ek het simpatie met hierdie mense," het regter Banks gesê.

„Dit is vir my egter duidelik dat die beskuldigdes moet geweet het wat die organisasie beoog het. Kemp moet byvoorbeeld geweet het dat die organisasie ernstige optrede oorweeg.

„Die drie was verydel, maar dit regverdig nie die oortreding nie. Niemand mag die wet in sy eie hande neem nie. So 'n toestand kan nie toegelaat word nie."

### OORTREDING

Regter Banks het gesê Trew is maar 22 jaar oud. „Ek besef dat hy in die ongeluk ernstig beseer is en dat hy deur Schneider beïnvloed is. Trew het ook geen groot rol gespeel nie.

„Brooks is effens ouer en hy het dit in sy guns dat hy self uit die organisasie bedank het en nie verder aan die bedrywighede deelgeneem het nie.

„In Kemp se guns aanvaar ek dat sy onder Leftwich se invloed was. Maar Kemp se oortreding is ernstiger, want sy was langer as die twee ander in die organisasie.

„Die beskuldiges moes 'n doel gehad het deur hulle by die organisasie aan te sluit."

Regter Banks het toe die vonnis uitgespreek.

'n Kenmerk van die verhoor was dat daar byna geen nie-blankes in die hof was nie. Toe die vonnis gisteroggend uitgespreek is, is net twee nie-blanke studente in die galery opgemerk. Die hof was stampvol blanke studente. Twee hoogleraars van die Universiteit van Kaapstad is opgemerk.

Die saak waarin David de Keller en Edward Daniels aan sabotasie skuldig bevind is, word Vrydag voortgesit. Regter-president A. B. Beyers verhoor die saak. De Keller en Daniels is eers saam met Kemp, Trew en Brooks aangekla.

Vier nie-blankes, Sedick Isaacs, Achmat Cassiem, James Marsh en Abdurahman Abrahams, verskyn nou op aanklag van sabotasie voor regter W. J. van Zyl in die Kaapse Hooggeregshof. Die uitspraak in dié saak word aanstaande week verw[...]

sukkel u om u hare te set?
LIFE-TEX BALSAM
gee die regte versorging
ONMIDDELLIK
Aanbeveel deur vooraanstaande haarkappers en modiste, en aanvaar as Suid-Afrika se Wonder Haaropknapper.
Dring aan op LIFE-TEX BALSAM by u haarkapper! — Weier namaaksels!


BWR1819/1A





ADVERTENSIE ADVERTENSIE

OM oormatige spuitlak van u hare te verwyder, vra u apteker om „Spuitlakoplossjampoe" deur Delph.

ADVERTENSIE ADVERTENSIE
Doeltreffende Maagmiddel
Wetenskaplik is bewys dat maagsere (pepties en duodenaal) veroorsaak word deur angs (senuwees) en gemoedspanning. Die spanning registreer in die thalamus ('n deel van die brein) en tas dan sekere maagsenuwees aan met die gevolg dat die maagen maagdermvlies 'n trekking kry, vinnig verswak, eindelik stukkend gaan en 'n sweer vorm. JACKS-MAAGDRANG bedaar die spanning, vorm 'n laag oor die beskadigde dele, beskerm dit teen die maagsure en help om die plekke gou te genees.
L.W. Vir uitstekende resultate gebruik gelyktydig JACKS-SENUWEEVERSTERKER.

VENSTER-VERSIERING
Contemporary Displays
Langstraat 35, Kaapstad
Tel. 41-0804


DIE BURGER
HOU U OP HOOGTE VAN SAKE